

UNIVERSITY OF THE  
FREE STATE  
UNIVERSITEIT VAN DIE  
VRYSTAAT  
YUNIVESITHI YA  
FREISTATA



UFS·UV

ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS  
ARGIEF VIR EIETDSE AANGELEENTHEDE

# Inventory of the private collection of

## W du Plessis

### PV48

#### Contact us

**Write to:**

Archive for Contemporary Affairs  
University of the Free State  
P.O. Box 2320  
Bloemfontein 9300  
South Africa

**Visit us:**

Archive for Contemporary Affairs  
Stef Coetzee Building  
Room 109  
Academic Avenue South  
University of the Free State  
205 Nelson Mandela Drive  
Park West  
Bloemfontein

**Telephone:**

+27(0)51 401 2418/2646/2225

**Email:**

[arca@ufs.ac.za](mailto:arca@ufs.ac.za)

KATALOGUS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN  
KOMMANDANT WILLIE DU PLESSIS

INLEIDING

1. TOEGANKLIKHEID

Kragtens die skenkingsvoorwaardes kan insae alleen verkry word met toestemming van die Direkteur van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis of mej. E. J. Steyn of haar gevolmagtigde.

2. CURRICULUM VITAE

Willem Abraham du Plessis is op 12 Junie 1879 gebore. Hy ondergaan sy skoolopleiding te Winburg en tree op 30 Mei 1903 met Susara Susanna Nieman in die huwelik.<sup>1</sup>

In 1896 het hy by die Vrystaatse Artillerie aangesluit en met die uitbreek van die Anglo Boere-oorlog het hy saam met die korps uitgetrek. Gedurende die oorlog is hy tot kommandant bevorder en het hy o. m. aan die veldslae van Graspan, Modderrivier, Rooilaagte, Magersfontein en Paardeberg deelgeneem.<sup>2</sup>

Na afloop van die oorlog het hy by die Suid-Afrikaanse Spoorweë aangesluit, waar hy tot 1941 werksaam was. Hy sterf op 10 Junie 1965.<sup>3</sup>

Tydens sy lewe was Willem Abraham du Plessis o. a. stigterslid van die Nasionale Party<sup>4</sup>, en voorsitter van die Oudstrydersbond vir die jare 1941 tot 1946.<sup>5</sup>

3. DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

3.1. HERKOMS

Hierdie versameling is deur mev. E. J. Steyn aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis oorhandig.

3.2. ORDENING

Weens die relatiewe klein omvang van die versameling is 'n katalogus van die stukke opgestel. Die plakboeke bestaan uit koerantknipsels, foto's en aantekeninge van die geskiedenis van Suid-Afrika vanaf 1652 tot 1961. Van besondere belang

- 
1. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Curriculum Vitae, W. A. du Plessis.
  2. P. V. 48, lêer 2, p. 1.
  3. Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Curriculum Vitae, W. A. du Plessis.
  4. P. V. 48, lêer 2, p. 1.
  5. Ibid., p. 8.

is die foto's van Boere-posisies by verskeie slagvelde waar kommandant Du Plessis teenwoordig was.

4. OMVANG EN FISESE TOESTAND

Die versameling is in 'n baie goeie toestand van bewaring en bestaan 0,06 meter rakruimte.

KATALOGUS

<u>Item No.</u>	<u>Aard van dokument</u>	<u>Beskrywing</u>	<u>Datum</u>
1	Plakboek	Die Driehonderdjarige stryd van die Afrikanervolk vanaf 1652 tot 1961.	s. d.
2	do	do.	s. d.

A 21  
25/8/92